18.2 RAPPORT KATKISASIEDEPUTATE (Artt 76, 200)

A. Dr FP Kruger lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Jeug en Onderwys.
C. Dr EJ Smit rapporteer namens die Kommissie vir Jeug en Onderwys.

D. **RAPPORT**

1. Opdrag (Handelinge, 2006:370)

1.1 Die hersiening van die handleidings in die lig van behoeftes by gemeentes en die kinders, asook kommentaar en volgehoue studie oor die beste metodes.
1.2 Die vertaling van die handleidings in Engels.
1.3 Die beskikbaarstelling van meer lesse, veral in die hoërskool sodat kategete self kan kies wat om te behandel.
1.4 Die uitbouing van die multimedia in die onderrig.
1.5 In samewerking met die CO en Jeugdeputate ondersoek te doen na geskikte materiaal wat by kerkrade en ouers aanbeveel kan word om ouers vir hulle taak as opvoeders toe te rus.
1.6 Samewerking met die CO en Jeugdeputate voort te sit.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 Kommentaar is van gemeentes en individue ontvang en verwerk. Hieruit het geblyk dat daar ’n grondige behoefte aan handleidings bestaan wat veral graad 1-3 kinders vertroud maak met die lyn van die Openbaringsgeskiedenis.
2.2 Op 26 Augustus 2006 het die Deputate ’n werkswinkel, te Wapadrant gehou, waarheen al die gemeentes uitgenooi om die formaat van die nuwe sillabus vir graad 1-3 te bespreek. Konsensus het bestaan oor die sillabus vir die nuwe handleidings. Suster Marieta Reyneke, lidmaat van die Gereformeerde Kerk Randburg het ingewillig om die handleidings te skryf. Die suster beskik oor jarelange ervaring in die onderrig van veral kleiner kindertjies. Elke les is deur die Deputate gekeur en daarna dogmaties nagesien deur ds Chris Hattingh (emeritus).
2.3 Gedurende September 2007 en Februarie 2008 is twee suksesvolle bosberade gehou om die lesmetodiek te beplan en te finaliseer. Hierbenewens is ook ’n sentrale Godsopenbaring (tema) en lewenswaarheid vasgestel.
2.4 Die afgelope drie jaar is kursusse by gemeentes aangebied. Sinvolle vrae is op die wyse gestel en handige wenke het na vore gekom.
2.5 Een van die wenke was die noodsaak van ’n handleiding vir Kerkgeskiedenis wat nie die omvang en status het van ’n handboek nie. Twee skrywers, naamlik dr JM van Tonder (Krugersdorp-Wes) en ds DF Muller (Buffeldoorns) is genader om die handleiding te skryf.
2.6 Gesprekke is reeds met kundiges op die gebied van die multimedia gevoer. Die Deputate kon ongelukkig vanweë intensiewe proses verbonde aan die skryf van die handleidings, nie die moontlikhede hieraan verbonde optimaal ontgin nie. Daar is wel met ’n persoon verbonde aan die Noordwes Universiteit asook kundiges in Bellville oor die moontlikhede op die gebied hiervan gepraat.
2.7 Die Engelse vertaling van vyf jaargroepe is reeds op CD beskikbaar by die Administratiewe Buro. Gemeentes by wie daar behoefte aan Engelse handleidings bestaan, kan dit teen ’n minimale koste aankoop. Die ander handleidings sal mettertyd ook vertaal word, nadat die hersiening hiervan voltooi is.
2.8 ’n Gids vir ouers is saamgestel en sal mettertyd aan kerkrade beskikbaar gestel word. In die gids word die belangrike saak van verbondsonderrig benadruk asook die gesamentlike verantwoordelikheid van ouers en die kerk ten opsigte van kategese.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.8.

3. Uitgangspunte in die samestelling van die sillabus

Vanuit die kommentaar wat ontvang is, blyk die noodsaaklikheid om weer kortliks die uitgangspunte in die samestelling van die huidige sillabus aan alle kerke duidelik te maak:

3.1 *Uitgangspunte van die sillabus*

3.1.1 Beginsel 1: Ouers is in die eerste plek verantwoordelik vir die geloofsonderrig van hulle kinders

Uit Deuteronomium 6:4-9 word die volgende duidelik:

Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE. Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe.

In die handleidings word die ouers doelbewus betrek by die onderrig. Dit staan teenoor die metodiek wat uitgaan van die veronderstelling dat die kind nie voorberei nie en ook nie op die ouer se verantwoordelikheid 'n appèl maak nie.

Elke gemeente moet verantwoordelikheid neem om ouers toe te rus, aan te spoor en verantwoordelik te hou vir die onderrig van hulle kinders. Die effektiwiteit van die onderrig tydens katkisasie word grootliks verhoog en is ten diepste afhanklik van die ouers se voorbereiding en onderrig.

3.1.2 Beginsel 2: Geloofsonderrig stel God aan die kind bekend deur die Woord

God gee ons hierdie beginsel van die geloofsonderrig in Psalm 78:

Psalm 78:3 *Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het,*

Psalm 78:4 *sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die HERE en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het.*

Die Here moet in die geloofsonderrig aan die kinders bekend gestel word. Dit word gedoen deur die openbaringsgeskiedenis waarin sy roemryke dade opgeteken is en waardeur sy mag en wonders na vore kom asook ander gedeeltes waarin sy ewige waarhede en sy wysheid aan ons geopenbaar word.

3.1.2.1 Godsopenbaring

Alle lesse, met die uitsondering van graad 1-3, is deur predikante geskryf en is gegrond op deeglike eksegese van skrifgedeeltes. By die skryf van die graad 1-3 handleidings is die Skrifgedeelte, die tema en die lewenswaarheid aan die skrywer verskaf. Die Deputate het tydens twee bosberade moeite hiermee gedoen. Telkens is die Godsopenbaring in die gedeelte gesoek en dit moes as goue draad van verkondiging dwarsdeur elke deel van die les loop. Die skrywer het haar lesse aan die redaksie beskikbaar gestel vir voorlopige kommentaar. Die lesse is ook aan die dogmatiese nasiener beskikbaar gestel vir sy kommentaar. Die lesse is daarna aan die Deputate vir beoordeling voorgehou en die kommentaar is ook verwerk.

In die handleidings van graad 4-11 is vier afdelings of te wel brandpunte geïdentifiseer waardeur die kind hierin onderrig kan word:

openbaringsgeskiedenis, kerk, koninkryk en belydenis.

Hierdie vier lyne loop dwarsdeur die hele handleiding. In die laer grade word die meeste van die lesse egter aan openbaringsgeskiedenis gewy, terwyl die ander drie aspekte in die ouer kinders se handleidings meer aandag ontvang.

3.1.2.2 Openbaringsgeskiedenis

Daar is gepoog om soveel moontlik van die openbaringsgeskiedenis met die kinders te behandel. Sorg is gedra dat dieselfde Skrifgedeelte sover moontlik nie weer en weer gebruik word nie. In graad 1-3 behandel die kinders slegs Openbaringsgeskiedenis. Die voordeel hieraan verbonde is dat die katkisant in die loop van drie jaar die geleentheid ontvang om die openbaringshistoriese stof een maal deur te werk. In al drie jaargroepe word die betekenis van die geboorte, lyding, sterwe, opstanding en die hemelvaart van Jesus Christus behandel. Dit geskied dan

elke keer vanuit ’n ander evangelie. In die nuwe graad 1-3 handleidings is moeite gedoen met *die bevatlikheid van die stof* vir die kinders.
Die handleiding vir graad 1-3 bestaan uit drie boekies per jaargroep, naamlik ’n kategeethandleiding, ’n handleiding vir ouers en kinders asook ’n werkboek vir kinders.
Die volgende onderafdelings is in die lesmetodiek gevoeg:

(i) **Kategeethandleiding**

a. Die lestema
b. Lewenswaarheid
c. Skrifgedeelte
d. Inskerping
e. Inleiding
f. Verkondiging
g. Praktykmaking
h. Aktiwiteit (voltooi aktiwiteit in die werkboek)
i. Afsluiting.

(ii) **Ouer en kind**

a. ‘n Praktiese taak oor die vorige les
b. Les-tema
c. Lewenswaarheid
d. Skrifgedeelte
e. Praktiese wenk
f. Voorbereidingsaktiwiteit.

Daar is ook gelet op die organiese ontvouing van die openbaringshistoriese lyn vanaf graad 4-7. Vanaf graad 4-7 loop die openbaringshistoriese lyn soos volg:

Graad 4

Die volgende openbaringshistoriese momente kom aan die orde:
Intog, Konings, Profete, Ballingskap, Terugkeer, Opstanding, Hemelvaart, Pinkster en Handelinge.

Graad 5

Die volgende openbaringshistoriese momente word aan die orde gestel:
Skepping, Sondeval, Uittog, Deurtog, Geboorte van Jesus, Kruisiging, Opstanding en Hemelvaart.

Graad 6

Die volgende openbaringshistoriese momente word aangebied:
Intog, Konings, Profete, Ballingskap, Terugkeer, Hemelvaart, Uitstorting van die Heilige Gees en Handelinge.

Graad 7

In die handleiding word die volgende openbaringshistoriese momente verduidelik:
Die uitstorting van die Heilige Gees, die kerk in Jerusalem, die kies van die sewe manne, die evangelie in Samaria en Ceasarea, die evangelie na Afrika, die evangelie tot aan die uithoeke van die aarde.

Samevatting

Die openbaringshistoriese lyn word sodoende drie maal met die kinders deurgewerk in graad 1-7. Die behoefte van die onderskeie gemeentes, naamlik om meer met die Bybel te werk, word op hierdie wyse aangespreek.

3.1.2.3 Geheeloorsig oor die openbaringsgeskiedenis

3.1.2.3.1 Geskiedenis tussen die lesse

Om aan die kinders ’n geheeloorsig oor die openbaringsgeskiedenis te gee is daar as ’n inleiding tot die lesse ’n opsomming van die geskiedenis tussen twee lesse ingevoeg. Wanneer les 1 byvoorbeeld oor die skepping handel en les 2 oor die sondvloed, is ’n opsomming van die geskiedenis van Kain en Abel as inleiding tot les 2 ingevoeg. Voor in elke handleiding word daar ook ’n diagram gegee waarin die hooftrekke van die hele openbaringsgeskiedenis weergegee word. By

elke les is daar ook ’n verkorte diagram. Byvoorbeeld wanneer die les oor die intog handel, lyk die diagram soos volg:



Ouer en kategeet kan dus voortdurend die kind help om ’n geheeloorsig oor die openbaringsgeskiedenis te kry en die kind is heeltyd bewus waar elke les inpas in hierdie geskiedenis.

3.1.2.3.2 Handleiding vir openbaringsgeskiedenis

’n Handleiding waarin die openbaringsgeskiedenis in 40 bladsye saamgevat is, is deur ds Chris Hattingh saamgestel en is reeds vroeg in Januarie 2006 gepubliseer. Die titel van die boekie is “*Dieselfde God altyd aan die werk”.* Die boekie probeer aantoon dat die kosbare krale van God se openbaring van geslag tot geslag en tot in die verre toekoms strek. Hierdie handleiding is spesifiek bedoel vir die onderrig in Graad 8 tot 11, sodat die kinders steeds sal groei in kennis van die Openbaringsgeskiedenis en kan aanvullend tot die huidige handleidings gebruik word. Die bedoeling is nie om die ander handleidings hiermee te vervang nie, maar wel om die bestaande stof, te verryk. Die gedagtegang van die Deputate is om ’n biblioteek van lesse aan gemeentes beskikbaar te stel sodat gemeentes uit die beskikbare lektuur self kan kies wat tot die meeste opbou in die plaaslike gemeente sal strek. Daarom word daar in die hersiene uitgawe van die graad 8-11 handleidings telkens verwys na hierdie boekie vir verdere leeswerk.

3.1.2.4 Kerk

’n Handleiding geskryf in die formaat van ’*n antieke koerant*, is nou beskikbaar. Die handleiding is beskikbaar in Januarie 2009. Die handleiding bestaan uit ongeveer 60 bladsye. Hierdie handleiding is geskryf met die oog op gemeentes wat behoefte het aan ’n eenheidslyn in die behandeling van die geskiedenis. Die handleiding kan vanaf graad 8-11 gebruik word en afwisselend of aanvullend by die ander handleidings vir die onderskeie grade gebruik word. Die handleiding bestaan uit twee boekies, naamlik een vir die katkisant en een vir die kategeet. Die handleiding van die katkisant bestaan uit ongeveer twee bladsye per les. Aan die linkerkant word die antieke koerantberig met die oordrag van kennis gegee, terwyl die regterkantste bladsy bestaan uit die selfwerksaamheid van kinders. Dit is ’n poging om kerkgeskiedenis, ook by jonger kinders meer aantreklik en aktueel te maak.

3.1.2.5 Koninkryk

Onder hierdie afdeling word daar elke jaar verskillende aspekte van die gelowige se lewe in God se koninkryk behandel.

(a) Graad 4: Aktuele sake soos: God maak owerhede sy dienaars en vra gehoorsaamheid van hulle; ons lewe as huisgesin wys die Here regeer ons; Die Here verwag ons moet Hom met ons hele hart dien; word behandel.

(b) Graad 5: Aktuele sake soos: Satan gebruik slegte mense om God se kinders te verlei; Satan vervolg God se kinders; Die Here hou ons vas al probeer satan ons deur swaarkry van Hom skei; Die Bybel is die antwoord op die dwaalleer, word met die kinders behandel.

(c) Graad 6: In die handleiding word die eerste tot die vyfde gebod as wegwysers vir ons lewe in die koninkryk met die kinders behandel.

(d) Graad 7: Die sesde tot tiende gebod as wegwysers vir ons lewe in die koninkryk word in die handleiding behandel.

(e) Graad 8: Belangrike aspekte verbonde aan die koninkryk van God word op indringende wyse aan die orde gestel: God vervul sy belofte dat Hy 'n Koning vir die Koninkryk sal gee; Jesus as die Koning van God se Koninkryk, is hier; As Koning is Jesus sterker as die vyande van die Koninkryk van God; In die Koninkryk van God geld: Ons moet ons naaste liefhê; Jesus is as Koning sterker as die dood.

(f) Graad 9: Belangrike aspekte rondom die koms en wederkoms van Christus word in die lesse oor die koninkryk behandel: Jesus bestyg die koningstroon; Christus se koninkryk op aarde; Die wyse waarop Jesus regeer; Christus en die owerhede; Die wederkoms; Hoe laat ek my lig skyn?

(g) Graad 10: In die handleiding kom veral die etiese beoordeling van kardinale sake na vore: Kleredrag, sterk drank en dwelms; Rolprente en video's; Sondagsport; Vriende, gesprekke en groepsdruk; Musiek en dans; Huisgodsdiens, persoonlike godsdiens, Bybelstudie; Gesin, ouer, kind; Ons leef uit die geloof.

(h) Graad 11 word tans hersien. Talle predikante is genader om mee te werk deur lesse te skryf. Hiermee word gepoog om die biblioteek van gemeentes te vergroot deur die beskikbaarstelling van meer lesse.

Predikante is reeds genader om meer lesse hieroor te skryf. Die proses behoort mettertyd voltooi te wees. In hierdie opsig sou die multimedia van besondere waarde kon wees. Die lesse word gevoeg by die huidige lesse, gedagtig aan die biblioteekstelsel waarna gestreef word. Indien daar meer lesse beskikbaar gestel word, kan kategete self besluit wat die mees toepaslike brandpunte vir die gemeente is en die stof dienooreenkomstig aanwend.

3.1.2.6 Belydenis

Ons glo dat die Godsopenbaring van die Skrif in die Belydenis saamgevat word. In Gr 4 en 5 word net 3 lesse hieraan gewy. In Graad 6 word die kind geleer wat 'n belydenisskrif is en watter belydenisskrifte die Gereformeerde Kerke het. In Graad 6 en 7 word die hele wet vanuit die Kategismus behandel (sien by koninkryk). In Graad 7 word Sondag 1-16 behandel. In Graad 8, Sondag 17-31 en in Graad 9, Sondag 32-52 – met uitsondering van die wet. In Graad 10 en 11 word temas uit die NGB en die Dordtse Leerreëls behandel.

3.1.3 Beginsel 3: Die doel van die onderrig is om die kind tot kennis, vertroue en uitlewing van die geloof te bring

Hierdie beginsel is afgelei uit Psalm 78 veral vers 5-8 :

'*Hy tog het 'n getuienis opgerig in Jakob en 'n wet gegee in Israel, wat Hy ons vaders beveel het om dit aan hulle kinders bekend te maak,* ***sodat*** *die volgende geslag dit kan* ***weet,*** *die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders, en hulle* ***vertroue*** *op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie, maar* ***sy gebooie kan bewaar****, en nie word soos hulle vaders nie, 'n koppige en wederstrewige geslag, 'n geslag met 'n onvaste hart en wie se gees nie trou was teenoor God nie."*

Samevatting

(a) Die handleidings wil die kind tot selfwerksaamheid begelei asook om die Bybel self te gebruik.

(b) Weereens is die effektiwiteit hiervan grootliks afhanklik van die kind, ouer en kategeet se toewyding.

(c) Kategete kan, veral by ouer klasse, kontroleer of die werk ingevul is en teksgedeeltes nagegaan is.

(d) Ouderlinge kan met huisbesoek na die kinders se boekies kyk en sien of die werk gedoen is.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.1.3.

3.2 *Samewerking met CO- en Jeugdeputate*

Daar was noue samewerking met hierdie twee Deputategroepe. Die GJKK (Gereformeerde Jeug Koördineringskomitee) bestaan uit die voorsitters van die Katkisasie-, Jeug en CO-deputate. Die GJKK het gereeld vergader om die onderskeie raakvlakke te bespreek. Die voordeel hieraan verbonde is dat die kommunikasie en doelgerigte behandeling van gemeenskaplike sake gestimuleer is. Die saak van ’n handleiding vir die ouers met die oog op toerusting is wel bespreek. Die Katkisasiedeputate het ingewillig om sodanige gids op te stel.

Gemeenskaplike sake soos die toerusting van rolspelers in jeugbediening, leierskapsontwikkeling (Jeugkantoor), kommunikasie en koördinasie, lektuur en inter-kerklike kontak met die Jeugdeputate van die NG en NH Kerke is deurlopend bespreek. Koördinering oor die betrokkenheid van die onderskeie Deputate by die 150 jarige feesvieringe van die GKSA het ook geskied. Daar bestaan misverstand oor die funksionering van die GKSA webblad en die beskikbaarheid hiervan vir die onderskeie deputaatgroepe. Die skakeling van Deputategroepe met die Deputate Inligtingstegnologie moet verder uitgebou word, aangesien die GKSA webblad tans die enigste amptelike webblad van die GKSA is. Die Jeug, CO en Katkisasiedeputate moet die moontlikhede ondersoek om hulle eie webbladsye te hanteer en voortdurend op te dateer deur van ’n webmeester gebruik te maak.

Besluit: Kennis geneem.

4. Opgesom: Die Deputate het die afgelope drie jaar

4.1 Die Deputate het die afgelope drie jaar ’n bestekopname probeer maak deur ondersoek in te stel na moontlike leemtes in die huidige sillabus. Ondersoek is ook ingestel na beskikbare materiaal op die gebied.

4.2 Nuwe handleidings vir graad 1-3 geskryf, gesien in die lig van die behoefte om kinders in noue kontak te bring met die Bybel.

4.3 ‘n Handleiding wat ‘n geheeloorsig oor die Openbaringsgeskiedenis gee, is voltooi en beskikbaar gestel.

4.4 Graad 4-7 se handleidings is in Engels vertaal en is reeds op CD beskikbaar vir gemeentes. Die CD kan by die Administratiewe Buro bestel word.

4.5 ’n Kerkgeskiedenishandleiding is geskryf om kinders in die rykdom van die kerkgeskiedenis te begelei.

4.6 ‘n Werkswinkel gereël waar kerke saam kon besin oor wat hulle graag in die handleidings wil hê.

4.7 By verskeie kerke kursusse aangebied.

4.8 Begin met:

4.8.1 Die samestelling van handleiding om die Heidelbergse Kategismus te verduidelik.

4.8.2 Die skryf van bykomende lesse vir die behandeling van etiese vraagstukke en ander aktuele onderwerpe.

4.9 Die saak van die multimedia is ondersoek. Gesprekke is met kundiges op die gebied gevoer. Dit blyk ’n saak van erns te wees om in die ondersoek van die moontlikheid om die multimedia optimaal aan te wend, nouer skakeling met die Deputate Inligtingstegnologie te bewerk. Die saak moet as prioriteit beskou word in die opdrag aan die volgende Katkisasiedeputate.

4.10 Nou saamgewerk met die CO- en Jeugdeputate.

4.11 ’n Gids vir ouers is saamgestel.

Besluit: Kennis geneem van 4.1 tot 4.11.

5. Sake waaroor die Sinode moet besluit

5.1 Die Sinode wys weer Deputate aan.

Besluit: Goedgekeur met die byvoeging dat verteenwoordigers van die kerke van die voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn sover moontlik ook op die Deputate aangewys word.

5.2 Die Deputate ontvang opdrag om:

5.2.1 Die handleidings voortdurend te hersien in die lig van behoeftes by gemeentes en die kinders, kommentaar en volgehoue studie oor die beste metodes.

Besluit: Goedgekeur.

5.2.2 Die Deputate ontvang opdrag om die handleidings te vertaal na die behoefte van die kerke van die voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig.

5.2.3 Veral in die hoërskool meer lesse beskikbaar te stel as net die hoeveelheid wat met een lesgeleentheid per week benodig word, sodat die kategeet self kan kies wat hy wil behandel.

Besluit: Goedgekeur.

5.2.4 Die gebruik van multimedia in die onderrig optimaal uit te bou. Die daarstelling van ‘n eie webblad verder ondersoek word in oorleg met die Deputate Inligtingstegnologie.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig.

5.2.5 In samewerking met die CO en Jeugdeputate ondersoek te doen na geskikte materiaal wat by kerkrade en ouers aanbeveel kan word om ouers vir hulle taak as opvoeders toe te rus.

Besluit: Goedgekeur.

5.2.6 Samewerking met die CO- en Jeugdeputate voort te sit.

Besluit: Goedgekeur.

6. Bykomende opdragte

6.1 Die Deputate kry opdrag om hulle betrokkenheid by die 150-jarige feesvierings van die GKSA voort te sit (kyk 3.2).

6.2 Die Deputate kry opdrag om saam met verteenwoordigers van die kerke van die voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn vas te stel wat die totale situasie en behoeftes mbt kategese in hierdie kerke is.

6.3 Die Deputate kry verdere opdrag om, voortspruitend uit 3.2.2 hierbo, daadwerklike aandag te gee aan die behoeftes wat geïdentifiseer word.

6.4 Die Deputate kry opdrag om kundiges in die verskillende Klassisse te benut om toerusting aan kategete te gee op plaaslike vlak.

6.5 Met betrekking tot die katkisasie handleidings word die volgende twee sake aanbeveel:

6.5.1 Die Sinode spreek sy waardering uit vir die uitgangspunte wat die Deputate gebruik in die opstel van die katkisasiehandleidings (soos aangetoon in 3.1 tot 3.1.3).

6.5.2 Die Sinode neem kennis dat benewens die handleidings wat genoem word in die Rapport van die Deputate, ook ander bronne daarmee saam gebruik word met katkisasie. Hieronder kan verwys word na *Laat my lammers wei* deur ds MJ Booyens, *Troos, troos my volk* deur dr AH Bogaards, *Die Woord voor die ja-woord* deur ds E Brink (kyk 2.2.5) asook vertalings van *Die Brood van die lewe* in Setswana en Engels.

6.6 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die Deputate vir die kosbare werk wat oor die afgelope jare gedoen is.

6.7 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die lede van die Deputate, asook sr Marieta Reyneke (Gereformeerde Kerk Randburg), ds Chris Hattingh, dr JM van Tonder en ds DF Muller vir die werk wat gedoen is met die opstel van handleidings.

Besluit: Punt 6.1 tot 6.7 word goedgekeur.